# BIngHons Mynbou-ingenieurswese (12240072)

| | |
|---|---|
| **Duur van studie** | 1 jaar |
| **Totale krediete** | 128 |

## Programinligting

Die leergang word in oorleg met die betrokke departementshoofde bepaal. 'n Student moet in modules met 'n totaal van minstens 128 krediete slaag.

Die graad word slegs op grond van eksamens toegeken.

## Toelatingsvereistes

Behoudens die bepalings van Reg. G.1.3 en G.54 word ‘n BIng-graad of ‘n gelykwaardige kwalifikasie vir toelating vereis.

## Ander programspesifieke inligting

'n Beperkte aantal toepaslike modules uit ander departemente word toegelaat, naamlik 64 krediete.

## Eksamens en slaagvereistes

i. Die eksamen in elke module wat die student volg, word in die eerste normale eksamentydperk na afsluiting van klasse (dit wil sê Oktober/November of Mei/Junie) afgeneem.
ii. 'n Student vir die honneursgraad moet sy of haar studie in die geval van voltydse studente binne twee jaar, en in die geval van na-uurse studente, binne drie jaar na eerste registrasie vir die graad voltooi, met dien verstande dat die Dekaan, op aanbeveling van die departementshoof, in buitengewone omstandighede 'n vasgestelde beperkte verlenging van die tydperk kan goedkeur.
iii. 'n Student moet in elke module minstens 50% in die eksamen behaal waar 'n semester- of jaarpunt nie vereis word nie. 'n Module mag net een maal herhaal word.
iv. In gevalle waar daar wel 'n semester- of jaarpunt toegeken word, word 'n minimum eksamenpunt van 40% en 'n finale punt van 50% vereis.
v. Geen her- of spesiale eksamens word op nagraadse vlak toegestaan nie.

## Slaag met lof

'n Student slaag met lof as hy of sy 'n geweegde gemiddelde van minstens 75% behaal het in die eerste 128 krediete waarvoor geregistreer is (modules wat betyds gestaak is, uitgesluit). Indien die student enige module druip (modules wat betyds gestaak is, uitgesluit), kan die graad nie met lof behaal word nie.

# Kurrikulum: Finale jaar

**Minimum krediete: 128**

## Kernmodules

Navorsingsprojek 700 (PSS 700) - Krediete: 32.00
Hellingstabiliteit 781 (PHS 781) - Krediete: 16.00
Lugvloei en waaiers 711 (PKB 711) - Krediete: 16.00
Finansiële mynwaardering 780 (PFZ 780) - Krediete: 16.00
Oopgroefmynbou 783 (POY 783) - Krediete: 16.00
Stratabeheer: Harderotsmynbou 786 (PSZ 786) - Krediete: 16.00
Gevorderde mynontwerp 780 (PMZ 780) - Krediete: 16.00
Gevorderde springstofingenieurswese 785 (PRX 785) - Krediete: 16.00
Stratabeheer: Steenkoolmynbou 788 (PSZ 788) - Krediete: 16.00

Die inligting wat hier verskyn, is onderhewig aan verandering en kan na die publikasie van hierdie inligting gewysig word.. Die Algemene Regulasies (G Regulasies) is op alle fakulteite van die Universiteit van Pretoria van toepassing. Dit word vereis dat elke student volkome vertroud met hierdie regulasies sowel as met die inligting vervat in die Algemene Reëls sal wees. Onkunde betrefffende hierdie regulasies en reels sal nie as ‘n verskoning by oortreding daarvan aangebied kan word nie.